Houtwerk SG VR2 **November 2007**

Vraag 1:
Was oor die algemeen goed beantwoord.
Goeie insig is getoon deur baie kandidate, maar daar was egter nog steeds baie kandidate wat ‘n algemene gebrek getoon het in die konsep van deursnee aansigte.
In baie gevalle kon kandidate nie eers die gat bepaal nie.

Van die kandidate kon ook nie die beginsel van ware vorm onder die knie kry nie.

Vraag 2:
Kandidate lees en beantwoord nie die vraag wat aan hulle gestel word nie.
In baie gevalle is die konstruksie van die swaelstert en die ronding nie getoon soos gevra op die vraestel nie.
Daar was ook nog steeds baie van die sketswerk wat meganies gedoen is.

Die konsep van uittrek aansigte is nog steeds ‘n saak van kommer.

Vraag 3:
Dit wil blyk asof die konsep van twee punt perspektief afgeskeep is in 2007 omdat baie meer sentrums as in die verlede nie eens die verdwynpunte korrek kon bepaal nie.
Die leerders wat vertroud was met die hierdie beginsel het baie goeie punte behaal in die vraag.

Verder was dit ook verblywend om te sien dat baie van die swakker kanidate ‘n 3D skets by hulle tekening maak om die vraag vir hulself maklik te maak.

Vraag 4:
Baie leerders het die vraag uitstekend beantwoord maar sommige leerders het die twee dele van die lessenaar gekombineer en sodoende geen insig getoon nie

Leerders gebruik ook nie die inligting op die vraestel (isometriese skets) om inligting af te lei wat benodig word in die teken van ‘n werkstekening nie.
Verder was baie leerders nie in staat om te teken op skaal 1:5 nie.
Swak uitslae in die vraag kan voor die deur gelê word dat hierdie belangrike konsep in die prakties en portfolio afgeskeep word.